

# Dreun skouspelagtig in ravyn af

**Augrabies – "die plek van groot geraas" – doen sy naam tans behoorlik gestand en meer as 4 175 kumek het teen Maandag (27/02) met 'n groot gedreun en baie sproei in die lug in die ravyn afgestort. Genevieve Maasdorp, Sanparke-woordvoerder, het Maandag gesê drie van die uitkykpunte is tans om veiligheidsredes gesluit, asook die piekniekplek en enkele dele van die park. Twee uitkykpunte is egter steeds oop sodat die skouspel gesien kan word, asook die restaurant en ander dele van die park. Maasdorp stel voor dat besoekers sambrele, reënjasse, en beskerming vir kameras en selfone saambring, en skoene met nie-glip sole. Dagbesoekers hoef nie vooraf te bespreek nie.** FOTO: FACEBOOK/SANPARKS AUGRABIES FALLS NATIONAL PARK

## Hoofartikel

# 'Groot geraas' 'n grootse vertoning

**"Die Augrabies ontwaak met 'n bulderende wal water en opgehoopte takke en bome tuimel oor die rotsbanke.**

"Die aardkors sidder voor die magtige rivier, wat met woedende waters die laaste sweet van droogte van die Kalahari se gesig afvee.

"Witgatbome drink gulsig aan die sproei wat oor hul dor blare daal en die kameeldorings se basse kleur donker van die mis. 'n Kokerboom hang met mening aan die rotsbank om sy deel van die water te kry."

Só skryf dr. Gerhard Verdoorn, natuurliefhebber en bewaarder, in 'n rubriek verlede jaar in Media24-publikasies.

Hierin beskryf hy hoe die dorre Noord-Kaap ontwaak wanneer reën val en die samevloeiing van die Oranje- en Vaalrivier in die waterval afdruis.

Met ter perse gaan, waar die water teen 4 175 kubieke meter per sekonde (kumek) in die ravyn as die Augrabies-waterval afstort, is die "sweet van droogte" beslis van dié deel van die Kalahari se gesig afgevee – te danke aan die digte sproeireën.

Die huidige vloei is steeds nie soveel soos in 1988 toe ongeveer 7 800 kumek gemeet is, en die 4 779 kumek van 2011 nie.

Kontrasterend het dieselfde bruisende water wat nou as 'n grootste skouspel in die ravyn afstort, in sy vloei hoër op blyplekke en eiendom verswelg en verdwerg.

So dor soos wat die Noord-Kaap kan wees, en groot dele steeds is, bruis dié biljoene liter water as die Oranjerivier en as die grenslyn tussen Suid-Afrika en Namibië, na Alexanderbaai om in die see te vloei.

Sommige reken om sproeireën in die Noord-Kaap te beleef, is 'n moet – al is die hoofuitkyk-platform nou ontoeganklik.

Ander reken die Augrabies is mees indrukwekkend wanneer die vloei ongeveer 2 000 kumek is.

Nog menings is dat 'n mens die diep ravyn in droogtetye ook moet sien: om in tye soos nou te besef hoe groots die skouspel is.

Maak 'n plan: Enige tyd is die beste tyd om Augrabies te besoek.

## Juweeltjie

### wroemwoede

padwoede (Engels: road rage)

■ Vragmotorbestuurders vat kanse, oorlaaide bakkievragte bouers staar voor hulle uit en wroemwoede dreig deurgaans. Deur die tolhek, om die sirkel woerts ons. (*Vrye Weekblad*, 13 November 2020).

– **Dié woord is Pharos Woordeboeke se woord van die maand vir Februarie. Besoek pharosaanlyn.co.za.**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

## Twyfelhoekie

# Maak ingewikkeld meer eenvoudig

HANNES NOËTH

**Die meeste van ons het 'n manier om soms die lewe vir ons onnodig ingewikkeld te maak.**

Hoekom ons dit doen, is eintlik nou nie altyd maklik om te verstaan nie.

Al wat ons moet sê, is dat dit meestal onnodig is.

Ons neem besluite wat ons nie moet neem nie, ons volg keuses wat ons nie moet volg nie, ons begewe ons in situasies wat nie nodig is nie, en ons vat onnodig lank om vir onsself rigting en duidelikheid in baie dinge te kry.

Waarskynlik maar omdat ons mens is.

Gering en onseker.

Dalk omdat ons nie al die antwoorde het nie.

Miskien maak ons dinge moeilik juis omdat ons dit moeilik wil maak.

Daar is ongetwyfeld waarde daarin om die lewe so 'n bietjie meer deur die oë van kinders te hanteer.

Ek het dit die afgelope week weer besef toe ek by 'n kleuterskool sit en waarneem hoe hulle in eenvoud na die lewe kyk.

Hulle neem eenvoudige besluite en hanteer die situasie voor hulle in eenvoud.

Wanneer ons ouer word, bevind ons onsself te dikwels in situasies wat ons makliker sou kon maak en in meer eenvoud sou kon leer bestuur.

Die lewe het sy opdraandes en uitdagings; ons moet wel aanleer om dit nie onnodig moeilik te maak nie.

Ons moenie probleem op probleem soek nie, en allermins moet ons vir onsself moeilike situasies skep.

Daar is waarde daarin om die mooi en die eenvoud van die lewe te sien, te leef en te ervaar.

## Potpourri

# Nuwe jaar op spoed

KARIN MULLER

**Ons sien mekaar die eerste keer sedert Desember 2022.**

Sy gee my 'n drukkie.

"Baie sterkte met die res van die jaar wat oor is," sê sy laggend.

Ek skud my kop.

Die eerste twee maande van 2023 is iets van die verlede.

Skole is volstoom aan die gang. Werknemers sien al uit na die volgende verlofdae.

Desember is vir die meeste mense 'n vae herinnering.

Tyd loop afdraande. Veral namate 'n mens ouer word.

Dit voel asof die horlosie se wyser vinniger beweeg as toe jy baie klein was.

Die jaar 2023 is op volspoed. Ons het gewonder hoe ons Januarie gaan deurworstel, en dit is nou agter die blad. Februarie is sopas ook op sy rug.

Nog 'n finansiële jaar is op sy kop.

Baie besighede het op beter syfers ná die grendeltyd gehoop, maar by min besighede het dit wel 'n werklikheid geword.

Baie besighede het toegemaak. Die meeste besighede trek steeds swaar.

Baie besigheidseienaars klou vas aan die hoop dat 2024 'n beter finansiële jaar sal wees.

Ongeag al die uitdagings spoed die jaar voort. Die son kom op en die son gaan onder.

Vader Tyd laat hom onder geen omstandighede van stryk bring nie.

Ons gaan binnekort terugkyk en besef die jaar is verby sy halfpadmerk.

Uitdagings van vroeër vanjaar gaan weggewerk wees en nuwe uitdagings gaan op ons wag.

Soos my vriendin sê ek ook: Sterkte met die res van die jaar wat oor is.

## Kameeldoring

# Vertel roep lewens op

CHARNÉ KEMP

**"Between the lines of this story, you will be taken to the time of simple life, simple people and the life of beautiful memories." – Ali Nasser (Bu Mayed)**

Dit kwetter en lag en huil tussen die asemteue deur.

Die een storie gee aanleiding tot die volgende. Die jongeres se ore is gespits, want hulle het net vae herinneringe, indien enige, van die ou verhale en staaltjies wat na bo uit die geheue van die oueres van dae borrel.

Dit is wanneer stoepsit op sy lekkerste is. Die stoom staan bokant die teekoppies en koffiebekers.

Die melktert bied mildelike happe, die suurlemoenkoek se versiersuiker smelt op die tong.

Ou verhale vloei oor die geselskap in die tuin.

Van hul oorlede ouers, susters, broer, aangetroude familie.

Wie wat vir wie op 'n sekere plek gesê het. Almal se manewales. Waar hulle oral gaan dans en piekniek gehou het.

Hoe hulle nog briewe geskryf en mekaar se telefoonnommers uit hul kop geken het.

Die lang, slap motors waarin hulle gepronk het. Hulle was die rockers, maar beslis nie "ducktails" of "sheilas" nie.

Hulle was jonk en verlief, die wêreld was 'n mooi plek, sonder die alomteenwoordigheid van die dood.

Hulle wat alleen oorgebly het, moet koue graniet besoek. Na die grafsteengeskrifte tussen die blare staar. Dit is wanneer hulle stil word. Of wanneer foto-albums uitgeruk word.

Swart-wit-foto's van 'n lewe wat óf wit óf swart was.

Toe dit nie bevlek was met trane wat herinneringe in 'n waas vermeng nie.


CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.